### *Die oneindige skepping en die bestemming van die kinders van Elohim daarin*

**140** **Simon van Kana** vra: "Meester, kan U ons dan nie vertel waar die hemele waarin die engele woon nou eintlik is, en hoe groot dit is nie; en hoe groot die wêreld van die sintuie waaroor U praat, dan wel mag wees?"

[2] **Ek** sê: "Vriend, jy is blind as jy dit nie sien en verstaan nie. As Ek sê dat die hemele oneindig groot is, hoe kan jy dan nog na die omvang daarvan vra? Die hemelryk is geestelik oral ewe oneindig uitgestrek soos die eindelose wêreldruim, waarvan jy met jou oog slegs `n onnoembaar kleine deeltjie kan sien.

[3] Hierdie aarde, die groot son, die maan en al die sterre wat daar waar hulle hulleself bevind, enorme groot hemelliggame is, sommige baie duisendmaal duisendmiljoenmaal groter as hierdie aarde - is, vergeleke met die eindelose groot skepping van die sintuiglik waarneembare wêreld, alles bymekaar verreweg nie so groot en uitgebrei as die kleinste doudruppeltjie vergeleke met die hele groot wêreldsee nie, wat tog so groot is dat `n goeie skipper die hele oppervlak daarvan nie sou kon bevaar nie, al word hy dubbel so oud as Metusalem. Maar die huidige, sintuiglik waarneembare wêreld, sover dit nou geskape is, het tog `n grens waaragter nog `n eindelose, ewige ruimte hom bevind, wat met haar na al die kante onbegryplik eindelose afmetinge dit tot die vroeër genoemde skepping van die hele sintuiglik waarneembare wêreld in verhouding is soos die ewigheid teen één oomblik van die tyd.

[4] Die geesteswêreld op sigself is net so oneindig soos die ewige, nimmereindigende ruimte!

[5] Hoewel die ruimte in der ewigheid nêrens eindig nie en daarom in die ware sin van die woord na alle kante oneindig is, is daar tog in die eindelose dieptes en vertes van die ruimte geen puntjie waar die Gees van die Wysheid en Mag van Elohim nie net so aanwesig is as nou hier by julle op hierdie plek nie. Die ware kinders van Elohim, wat deur die ware liefde tot Elohim, die ewige aparte Vader, en ook in suiwere liefde tot die naaste blyk te lewe, sal in die hiernamaals in die groot Vaderhuis die mag en krag kry om die ewige ruimte wat nooit volgemaak kan word nie, steeds met meer nuwe skeppings te vul.

[6] Maar julle ontwikkeling is nog lank nie ver genoeg om te kan verstaan wat Ek julle nou vertel het nie. Maar dit sê Ek julle nogtans: geen sterflike oog kan sien, geen oor hoor en geen aardse verstand kan ooit begryp wat diegene wat dit werd word om kinders van Elohim te heet, in die hiernamaals in die hemelryk te wagte is nie.

[7] Want voor die oë van die ware kinders van Elohim sal die aarde en ander planete, sonne en mane swewe soos skitterende stof.

[8] Wees daarom nie net hoorders nie, **maar veeleer uitvoerders van My woord!** Luister daarom nie net na My woord nie, maar handel ook daarvolgens.

[9] Slegs deur die daad sal julle kan onderskei of die woorde wat Ek tot julle gespreek het en nog spreek, uit die mond van `n mens of uit die mond van Elohim tot julle gekom het! *(Johannes. 7:17)*

[10] Maar net soos julle self vóór alles my woord algeheel sal moet toepas, as julle ten minste in jul harte regtig wil ervaar wie Hy is wat julle hierdie leer en hierdie gebod van die Liefde gegee het, moet julle ook almal aan wie julle My woord sal verkondig, aanspoor om daarvolgens te handel; want solank die woord slegs maar in die brein bly hang, het dit niks meer waarde nie as die leë gebalk van `n esel wat ander ook kan hoor.

[11] Slegs as die woord tot die hart deurdring, word dit lewend, word dit meester van die wil, wat die swaartepunt van die liefde is, en spoor daaruit die hele mens aan tot die daad.

[12] Deur so te handel, verander die ou mens in `n nuwe mens en My woord word dan werklik nuwe vlees en bloed.

[13] En hierdie nuwe mens in julle sal julle gou duidelik vertel dat My woorde werklik Elohim se woorde is, wat nou en in alle tye der tye dieselfde Mag, Krag en uitwerking het as ewighede gelede; want alles wat julle sien, voel, ruik, proe en hoor, is in die grond van die saak niks anders as die Woord van Elohim nie.

[14] Hy, wat ewighede gelede die wêrelde, sonne en mane uit Homself gebied het om te wees en hulle in hulle uitgestrekte bane geplaas het, die plaas julle nou ook in nuwe bane van die Ewige Lewe!

[15] **Ek sê bowendien vir julle dat wie julle opneem, ook vir My opneem**; wie My egter opneem, die neem ook Hom op wat My na julle gestuur het *(Matthéüs. 10:40),* - en dit moet julle goed verstaan!"

### *Die voortdurende profetedom. Oor egte en valse profete. Eerste uitsending van die apostels*

**141** (**Die Meester**:) **"**Ek sê weer vir julle: julle weet dat daar nou, net soos in al die tye, profete is en hulle sal daar ook altyd by al die volkere op die aarde tot aan die einde van die

wêreld wees, **watter geloof hulle ookal mag hê**. Want net deur die profete bly daar, ook al is al die bande tussen hemele en aarde verbreek, nog `n geheime band stewig behoue wat geen duistere mag kan vernietig nie.

[2] Onder die egte profete was, en sal daar ook in die toekoms altyd vals profete wees; maar dit het op die egtheid al dan nie van `n deur die hemele geroepe profeet heeltemal geen, of slegs `n baie geringe invloed, omdat die egte profeet maar al te gou die leuenaar voor die wêreld sal ontmasker en hulle die straf van die hemele nooit sal ontkom nie.

[3] Maar as `n egte profeet in `n huis kom en as sodanig aangeneem word, sal diegene wat hom as `n egte profeet aanvaar, of ook as hulle `n deur die profeet gestuurde in naam van die profeet opneem, hom aanhoor en in hulle hart `n belangrike plek toeken aan sy woorde, in die hiernamaals in die Ryk van Elohim **die loon van `n profeet kry**. En wie `n regverdige in die naam van `n regverdige opneem - dit wil sê, as so iemand as regverdig bekend staan en die naam hom toekom, of ook as hy nie as sodanig bekend staan nie, maar deur diegene wat hom opneem as sodanig herken word en hom so opneem, sonder om deur `n proef te kontroleer of hy wel `n regverdige iemand is - die sal eenmaal in die hemelryk die **loon van `n regverdige ontvang**. *(Matthéüs. 10:41)*

[4] En Ek voeg ook nog daaraan toe: Kyk eers na hierdie kleintjies wat hier liefdevol om My heen is! Wie in die naam van `n leerling aan die allerminste van hierdie kleintjies **slegs `n beker water gee**, waarlik Ek sê vir julle, so `n uiters geringe daad sal nie onbeloon bly nie. *(Matthéüs. 10:42)*

[5] Nou het julle alles wat julle nodig het vir dít waarvoor Ek julle uitgekies het. Gaan nou na al die stede wat Ek julle aangewys het, maak aan diegene wat daar woon die Ryk van Elohim bekend en doen dit wat Ek julle nou aanbeveel het: Julle loon sal nie gering wees nie.

[6] As julle in die nie so groot aantal **stede van Israel** die opdrag uitgevoer het, kom dan weer na My toe terug, sodat Ek julle dan in die diepere geheime van die Ryk van Elohim kan inwy; want dit sal julle gegee word om sulke geheime van die Ryk van Elohim te verstaan."

[7] **Petrus** vra: "Meester, moet ons twaalf tesame, of alleen, elkeen op sy eie, na die verskillende stede gaan en ook na die markplekke en dorpe?"

[8] **Ek** antwoord: "Dit hang van julle af; maar dit is beter as julle minstens in twee's of in drie's gaan, **sodat die een vir die ander kan getuig**; My Gees kan sterker deur julle werk as twee of drie van julle êrens in My Naam saam is en so onderrig en werksaam is.

[9] Maar dat julle nou juis almal bymekaar moet bly, dit is in die eerste plek heeltemal nie nodig nie en in die tweede plek sal julle des te moeiliker in `n willekeurige huis onderdak vind vanweë die ruimte en die versorging. Maak daarom `n verdeling in groepies van twee of van drie! Kies egter vooraf die stede, markte en dorpe uit en spreek onder mekaar af wie waarnatoe gaan.

[10] Daardeur kan julle in verskeie stede tegelyk werk en sal julle baie tyd wen en des te gouer weer na My toe terug kan kom. As julle ywerig is, kom julle in sewe weke maklik daardeur, gouer miskien. Maar gaan nou; want elke uur is waardevol!"

[11] **Judas Iskariot** sê: "Meester, die son gaan nou-nou onder, die dag duur geen halfuur meer nie en dit is hiervandaan na al die plekke ver; as jy vinnig loop, bereik jy selfs die naaste dorp eers na twee ure. Sou ons nie net so goed môre heel vroeg op pad kan wees nie?"

[12] **Ek** sê: "Nee, My vriend, elke minuut vertraging is gevaarlik! Julle bereik vandag net na sononder `n markplek wat agter die berg na die môre(ooste) toe lê, daar sal mense julle hulp nodig hê en julle sal daar goeie onderdak vind; maar bly daar nie langer as drie dae nie, en doen dit ook nie gou êrens anders nie! Bly tot daar bymekaar, maar verdeel julle in die genoemde markplek in groepies.

[13] Na hierdie woorde gaan die twaalf vinnig op pad en die bewoners van die verwoeste, maar deur My barmhartigheid wonderbaar herboude, dorpie gee hulle `n paar mense saam wat die pad goed ken en wat hulle met die kortste pad na die markplekkie bring.